HOT OFF THE PRESS

**Nuwe leiers word aangewys**

Skoolkapteins vir 2020 is slaggereed om 'n verskil te maak.

BLADSY 2



NUUS

**Leibbrandt nasate woon in Duitsland**

BLADSY 3

***Social Food Club* is 'n Bloem-juweel**

JOERNAAL



BLADSY 9

NEWS

**New York is the highlight of tour**

PAGE 3




STABILIS

# STABILIS

The true voice of the College

Grey Kollege Sekondêr Bloemfontein | Grey College Secondary | www.gcb.co.za | JAARGANG / VOLUME 53 NO 3 | Desember / December 2019


# Hot talent blazes in Sand



## Annual music festival sets the stage alight

Thomas van Rensbug raises the curtain with a fire dance performance at the Nedbank Grey College Music Festival. Read more on page 5. Photo: Supplied


y'ello everywhere you go

MTN

## Grey Kollege in 1919




**PIETER MARAIS**

Op die Algemene Jaarvergadering van die Grey Reunie in 1919 het die uittredende voorsitter, JHB Reitz 'n visionêre stelling gemaak: "Met die groei van die hoerskole in die provinsie...moet stappe geneem word om die primêre afdeling uit te brei en te versterk. Dit moet ophou om die Aspoestertjie te wees. Dit sal die bou van 'n laerskool beteken."

Toe Jock Meiring in 1922 skoolhoof word, het hy die onderwysdepartement oortuig om 'n laerskool te bou en in November 1922 is £9500 begroot vir hierdie doel. Grey Primêr is gebou en teen die laat 1930's was die getalle van die laerskool gelykstaande aan die hoerskool getalle. Grey Primer is 'n voederskool vir die hoerskool en dit was Meiring se ideaal.

Op 11 November 1919, elfuur die aand, het die Eerste Wereldoorlog amptelik tot 'n einde gekom. Grey Kollege het nou toe alreeds twee oorloe en die rebellie van 1915 oorleef en was besig om op vrugbare grond te blom. Soos die toekoms telkens sou bewys: oorloe en politieke konflik laat Grey-mense net beter saamwerk en stel die voorbeeld van versoening.

In die April uitgawe van die 1919 jaarblad word geskryf: "Much has happened since our last issue in August; the armistice has been signed and an end put to much of the bloodshed that has wrung our souls for the last four years; the influenza epidemic has come and given us a taste of what must have been the daily portion of millions in Europe whilst the war lasted. Many of the staff and of the pupils contracted the disease, buw we sufferd no casualties; man however carry with them weakened constitution and to all we wish speedy return to their wonted strength."

Van Rensburg
LANCET

# Skoolkapteins en prefekte wil goeie voorbeeld stel en rolmodelle wees

## *Eenheid, dissipline en broederskap is belangrik in 2020*

**BERNARD BÜRHMANN**

Die drie nuwe skoolkapteins en prefekte vir 2020 is aangekondig op die matrieks se laaste dag. 'n groep van 38 seuns, insluitend die 3 skoolkapteins, is gekies om die leiers te wees.

Die nuutverkose skoolkaptein, MC, kom van Vryburg af. Hy is 'n kranige rugbyspeler en was die jaar die o/17 Vrystaat sewespan se kaptein. Hy speel ook vir die Cherries. Sy missie as skoolkaptien vir 2020 is Grey na hoër hoogtes te neem. Hy wil 'n rol speel in die seuns se lewe en ook vir hulle 'n rolmodel wees waarna hulle kan opkyk. Hy wil deel wees van elke seun se lewe en sy hoop is dat hulle gemaklik met hom sal wees en weet dat hy bereid is om na hulle te luister.

Sisonke Vumazonke kom van Welkom af. Hy het gekies om Grey toe te kom om op sy rugbyloopbaan te fokus. Hy speel vir Grey se eerste rugbyspan. Grey is 'n uiterse kompeterende omgewing en dit is goeie voorbereiding vir die lewe na skool, sê Sisonke. Sy doel as onderskoolkaptein vir koshuis is om 'n broederskap tussen die afrikaanse en engelse seuns te ontwikkel.

Emile Kotze kom van Bloemfontein af en speel rugby en doen debat. Hy het 'n besering opgedoen en het heel jaar nie rugby gespeel nie. As onderskoolkaptein van stad wil hy graag 'n eenheid onder die seuns vorm en sal hy graag wil hê dat elke Grey-seun voel dat hy hier behoort.

Die 5 prefekte wat die leisels sal oorneem om na die jong en nuwe Grey-brakke te kyk in Murray-huis is Kian Fransman, Ethan Liberty, Tielman Niewoudt, Joubert Schoeman en Casper-Jan Steenkamp. Dit is 5 groot manne wat sal seker maak dat die graad 8's en 9's in die koshuis tuis voel.

In Brill-huis is Leon Bernardo, Paschal Ekeji, Michael Kershaw, Keith Maenzanise en CJ Annandale aan die stuur van sake. Hulle sal sorg dat die graad 10's en paar graad 11's die reëls en regulasies van die gedissiplineerde koshuis aanleer.

Katleho Chabanyane, Tiaan Fourie, Joseph Kemp, Dirk Opperman, Andrei Potgieter en Behan Venter saam met Sisonke en MC is in beheer van Leith-huis. Deur dissipline, goeie voorbeeld, harde werk in sport en akademie, sal hulle sorg dat die graad 12 Grey-seuns in Leith-huis 'n goeie jaar het.

Die stadsprefekte het 'n moeilike taak op hande om die dagskoliere van die stad te lei. Dis 'n groot groep diverse seuns wat moet saam werk en inkoop in die Grey manier van dinge doen. Onder die leiding van Emile Kotze, sal Bradey Bagarette, Bernard Buhrmann, Nelson Balepile, Lebogang Finger, Sephiri Hlohlolo, Luan de Waal, Ricardo Fourie, Kobus Groenewald, Hendre Kramer, Franco Kruger, Leon Marais, Thuto Maloka, Lesedi Mokwena, Molibeli Molibeli, Juan-Dee Oliver, Tshwanelo Ramongalo, Tshegofatso Seipobi, Dylan Sorour en Swannie Swanepoel die dagskoliere verenig.



**Die skoolkapteins vir 2020 is slaggereed vir hul nuwe taak. Foto: Verskaf**

# Seun red lewe by Vic-baai

**GIDEON BRESLER**

Marno Stopforth, 'n graad 8 leerder van Grey, het tydens die September vakansie 'n jong man se lewe gered by Victoriabaai en in dieselfde voorval nog 'n man uit die see probeer red. Marno vertel aan Stabilis dat hy sokker gespeel het op die strand toe 'n man hom vra om sy dogter op te pas, want daar was 3 mans in die moeilikheid. Die see was baie rof en hulle vermoed dat die mans deur 'n seestroom ingetrek is. Marno het dadelik ook in die see in gehardloop om die mans te help. Daar was branderplankryers in die see wat ook gehelp het.



**Marno Stopforth**
**Foto: Wicus van Deventer**

Marno het dadelik na die 15-jarige seun geswem om hom te help. 'n Branderplankryer was gelukkig naby en hy het die seun op die branderplank gesit. Die ander man het die 22-jarige man, ook met die hulp van die branderplankryers, uit die see uitgehelp. Die branderplankryers het vir Marno gesê dat daar nog 'n man dieper in die see is, maar dat hulle nie by hom kan uitkom nie omdat hulle nie oor die branders kon kom nie. Die man was min of meer 200m die see in. Marno het dadelik verder in geswem. Toe hy by die 35-jarige man kom was hy reeds bewusteloos en teen die tyd wat Marno met die man die strand bereik het, was die man reeds dood.

Marno het geen lewensredding-opleiding nie, maar is 'n kranige waterpolospeler en dit het hom beslis gehelp in hierdie moeilike situasie. Marno sê: "Toe ek sien die mans is in die moeilikheid, het my hart baie vining geklop, maar ek het nie gehuiwer om in die see in te hardloop nie." Hy sê ook dat dit baie hartseer is dat die een man dood is en hy glo as daar nog mense was om te help, sou hulle die man ook kon red.

Die 3 mans van die Noord-Kaap het 'n kursus bygewoon in George en het net vir die dag by Victoriabaai se strand kom swem en ontspan.

# Die ooievaar maak 'n Grey-draai



**Agt nuwe babas word in 2020 verwag. Foto: Wicus van Deventer**

**REUBEN MULLER**

Nie minder as 8 nuwe Grey-babas word verwag in 2020 nie.

Mnr Marcel Cronje en me Marnie Cronje verwag hul dogtertjie vroeg in Januarie. Haar naam sal Wilmie wees. Die Cronje's hoop nie Wilmie maak haar verskyning voor die nuwe jaar nie. Me Mia-Anne O'Kennedy en haar man, Jeremy, verwag hul eerste kind, 'n seuntjie, middel Februarie. Hulle sal graag 'n Ierse naam wil kies, omrede O'Kennedy 'n Ierse van is.

Mnr Jannie Geldenhuys en sy vrou, Janine, verwag hul tweede kind, 'n seuntjie, vroeg Februarie. Sy naam sal Hendru wees. Mnr Hattingh Davel en sy vrou, Annerien, se eersteling, Mila, sal ook vroeg in Februarie gebore word.

Mnr Anton Smit en sy vrou se eersteling word in Mei gebore. Dit is nog te vroeg om die geslag te bepaal, maar mnr Smit is vas oortuig dat dit 'n seuntjie gaan wees.

Mnr David Mackenzie en sy vrou, Steph, verwag hul eerste kind in Mei 2020. Mnr Shaun Human en sy vrou se tweede dogtertjie, sal in April sy of haar opwagting maak. Mnr Craig Steyn, wat in Januarie terugkeer na Grey, na hy hierdie jaar sy studies in Potchefstroom voltooi het, verwag ook hulle tweede baba.

# Duits-seuns volg Robey Leibbrandt se spore

## *Invloed van Grey-gene strek oor geslagte, dekades en landsgrense heen*

PIETER-SCHALK GROBBELAAR



Die Duits-seuns staan by Berndt Schäfer, seun van Robey Leibbrand in Stuttgard. Foto: Verskaf

Tydens die onlangse toer van die graad 10 en 11 leerders na Duitsland, het die toerlede vir 4 dae by leerders van die Hegel-Gymnasium in Stuttgart tuisgegaan.

Na die eerste besoek, tydens 'n Duitslandtoer aan die Hegel-Gymnasium in 2015 was die Hegel-leerders so beïndruk, dat hulle die skoolhoof oortuig het om Grey te nader om 'n "Partnerschule" (partner school) van die Hegel-Gymnasium te word.

Me Martie Fourie wat vir baie jare Duits as ekstra vak by Grey onderrig het, se vriende, Berndt en Annette Schäfer, woon in Stuttgart. In 2014 het sy hulle versoek om 'n skool te vind wat die Duitslandtoerlede vir 'n nag kon huisves.

Die doel daarvan is dat Suid-Afrikaanse kinders tot in die huise van Duitsers kom en sodoende die Duitse kultuur en lewenswyse, eerstehands ervaar. So het die wonderlike verbintenis tussen Grey en die Hegel-Gymnasium ontstaan.

Die Schäfer-gesin het Grey Kollege al etlike kere besoek, waartydens mnr Schäfer as oudste seun van die bekende oud-Grey, Robey Leibbrandt, met die seuns in die saal gesels het.

Tydens die Olimpiese Spele van 1936 het Leibbrandt Suid-Afrika in die bokskryt verteenwoordig. Na die spele het hy nog vir 'n tydperk in Duitsland aangebly. Na sy terugkeer na Suid-Afrika is Berndt Schäfer in Duitsland gebore.

Op die voorblad van Volksblad van 19 September 2019 pryk die foto van die oud-Grey Lappies Labuschagne onder die opskrif: "Grey-man pak Wêreldbeker vir Japan." Dié Volksblad het mnr Ingo Machts tydens die besoek van die toergroep aan die Hegel-Gymnasium aan 'n aangedane Schäfer gegee, wat Lappies se rugbyloopbaan met groot belangstelling volg.

In 'n poging om met Suid-Afrikaanse familie kontak te maak, het Schäfer jare gelede sy halfsuster in Suid-Afrika opgespoor. Sy is die ma van Lappies en die dogter van Robey Leibbrandt. Ongelukkig het Schäfer sy vader, Robey Leibbrandt, nooit geken nie.

Deur sy toedoen het Schäfer, die Hegel-Gymnasium en Grey bymekaar uitgebring. So strek die invloed van Grey-gene oor geslagte en dekades heen.

# Jeanne, Jeanne and Julius Caesar

OLWETHU SIFUMBA

Me Jeanne Bosch joined the Grey staff at the beginning of the third term. She was appointed in Mrs Tretheway's place to teach English First Additional language, as well as to assist with English Home Language. Before starting a new chapter at Grey College Secondary, she taught English and Sesotho at Grey Primary for 3 and a half years. Before that she taught at Martie du Plessis for 10 years. The reason she applied for the position at Grey is that she has a passion for English as a subject. She also believes that she could play a bigger role in secondary school learners lives.

Her alma mater is Oranje Meisieskool and she studied teaching at the University of the Free State. After matric, she lived in Germany for a year and therefore she is also fluent in German. She would love to teach German as a second additional language, if she was given the opportunity.

In her downtime, of which a mother and a teacher has very little, she enjoys to read, to dance and to be creative. She has 2 sons, 8 and 10 years old, and they are both in Grey Primary. In her new position as English teacher at Grey, she will also assist with hockey, table tennis, squash and the Stabilis.

Me Jeanne Hambsch was appointed at the beginning of the fourth term. She hails from Nylstroom, Limpopo, where she taught at Hoerskool Nylstroom for 14 years. Originally, she comes from Zambia, but has been living permanently in South Africa since 1989. Her oldest son died at the age of 18, she has a 21 year old daughter and a 23 year old son. They still live, work and study in Nylstroom.

The reason she applied for a position in the Free State, and more specifically Grey, is that her high school boyfriend is an old-Grey and she remembers fondly the friendly rivalry there was between him and her regarding which had the best rugby team. She also has deep family roots in the Free State, with Jim Fouché being one of her ascendants. Her neighbours also came from the Free State and it is they that told her that there was a position available at Grey. Her experience thus far of Grey is that it is an awesome school. What makes Grey different to any other school, according to her, is the culture, traditions and historical background.



Jeanne Hambsch and Jeanne Bosch. Foto: Wicus van Deventer

# Boys take a bite from the Big Apple

FRANCOIS HAASBROEK

Mr Putu Pretorius accompanied 7 grade 9 and 10 learners from Grey, Hunter van Zyl, Ben Botha, Keehan Lombaard, Pieter Delport, Viaan van Coller, Ruhan van Staden and Johan van Eck on the Travel and Sport Academic Achievers tour to the US.

They started the tour in Seattle, Washington State. They visited the Boeing factory, University of Washington and the Microsoft campus.

After Seattle they spent 3 days in San Francisco where they visited the SLAC National Accelerator Laboratory, Stanford University, the Google campus and the University of California's Berkeley campus.

In Los Angeles they visited the popular Hollywood Walk of Fame, Caltech University and Universal Studios.

The last destination was New York. Here they experienced the Empire State Building, did a Wall Street tour, saw the Natural History Museum and also visited the famous 9/11 Memorial.

The 10 day tour came to an end in New York. Highlights of the tour for the learners were the shopping experience in some of the biggest and well known cities in the world, SLAC and definitely Universal Studios. Mr Pretorius states that the value of such a tour lies in the fact that it broadens your perspective and exposes you to new things.

Proud sponsors of Grey College Sport
GILBERT
GRAY-NICOLLS
Grays

GESKIEDENIS

## Grey Kollege in 1969

In 1969 het mnr JL 'Patat' Cronjé skoolhoof van Grey geword. Hy was die logiese opvolger van mnr AK Volsteedt omdat hy toe al reeds 26 jaar koshuisvader van Brill-huis was.

Die Krause-biblioteek is deur die onderwysdepartement as 'n model-biblioteek bestempel en die pos van onderwyser-bibliotekaris is goedgekeur.

Vroeg in 1969 is daar ook samesprekinge gevoer om die sportverbintenisse met Sentraal te herstel - dit geskied toe in 1970. Na gesprekke tuseen mnr AK Volsteedt, mnr Cronjé en die hoof van Sentraal is besluit dat die jaarlikse rugbywedstryd tussen die twee skole hervat moet word. Op 28 Augustus 1970 het Grey hul opponent 22 - 6 oortuigend geklop.

Mnr Cronjé was ook betrokke by die verklaring van Hamiltonsaal en van die hoofgebou tot Nasionale Monumente. Voorwaar sou dit waardige monumente wees, want beide die geboue se hoekstene is nog voor Uniewording gelê deur Sir Hamilton Goold-Adams.

In 1969 was daar ook sprake dat die hoofgebou 'n sinkdak sou kry. Genadlik het tradisionele stanvastigheid geseëvier en is die oorspronklike teëls later bo-op die sinkdak aabgebring. Grey se hoofgebou was weer eg-Grey. Daar was ook samesprekinge gevoer tussen die onderwysdepartement en die skool oor die beveiliging van die pad oor Grey se kampus na die UOVS - 'n pad wat later gesluit is, maar nie voor 'n bus 'n Grey-seun op die pad doodgery het nie.

# Matrics of 2020 strive for trust, positivity and focus

*Grade 11s attend team building session*




**Grade 11 learners participate in lively dance competition with Teambo. Photo: Supplied**

BENSON WU

The diversity committee of Grey deals with issues regarding diversity among the learners. One of the issues mentioned by a grade 11 learner was that although Grey learners go on an orientation camp at the beginning of grade 8, they are then divided into the two language groups - afrikaans and english. For the next four years, they grow and learn separately in these 2 groups and are then expected to unite in their grade 12 year, without knowing each other anymore. The diversity committee realised that there was a need among the boys for an event in which they can rediscover each other before they enter grade 12. A decision was made to contact a professional team building company to do a session with the grade 11 learners.

Their mission is to improve teamwork in groups of any size and any age through the four pillars of an effective team: communication, positivity, trust and focus. In spite of the extreme heat, the team building event was well received and thoroughly enjoyed by the learners. When asked about the event, many learners commented that they forged new bonds with boys who they have never really interacted with at school and that the experience was a great way to de-stress before the exams.

## Grey verloor staatmaker onderwysers na 29 jaar diens

ALBRECHT BOTHA

Grey verloor aan die einde van die jaar 2 onderwysers wat leemtes sal laat in die personeelkorps. Mnr Piet Wessel en Me Louise Pretorius groet al twee die skool na jare lange diens.

Me Louise Pretorius is al sedert 1990 deel van Grey se personeel. Vir die eerste 10 jaar het sy Wiskunde gegee en vir die volgende 19 jaar het sy op Skeinat gefokus. Skeinat is haar passie.

Hoogtepunte van die afgelope 29 jaar is beslis goeie matriekuitslae, veral die jare wat Grey as die beste Wiskunde en Skeinat-skool aangewys is. Nog hoogtepunte was toe die o/15 skaakspan die nasionale *Top Schools*-skaaktoernooi gewen het. Treintoere en interskoles sal haar altyd by bly.

Mnr Piet Wessels is sedert 1990 'n onderwyser by Grey, nadat hy ook sy skooljare hier voltooi het. Mnr Piet is bekend as die Rekeningkunde meneer, en was vir baie jare departementshoof in die vak.

Hy begin Januarie 2020 as onderhoof by Oakdale Lanbouskool in Riversdal. Hy verruil die dorre Vrystaat vir die mooie Kaap omrede dit naby sy aftreehuis in Stilbaai is en hy glo dat die lewensgehalte en weer beter is in daardie deel van die land.

Hy gaan die personeel en die seuns van Grey die meeste mis. Van die hoogtepunte van sy 29 jaar by Grey is die feit dat hy by soveel aktiwiteite van Grey kon betrokke wees: Stabilis, Muiekfees, rugby en debat om net 'n paar te noem.







OUD-GREY'S

## Switserse straler vir beseerde oud-Grey

BERNARD BÜHRMANN

Die jaarlikse Grey Reünienaweek sorg gewoonlik vir groot opwinding, maar vir een oud-Grey het die naweek nie volgens plan verloop nie.

Dr Fred Barbakow (76) het 'n paar dae voor sy klas se 60ste jaarreunie sy heup in die Reüniesaal gebreek. Hy was op die verhoog en het na die naamborde teen die mure gekyk, toe hy gly op die houtvloere van die Reüniesaal. Hy het sy heup in die proses gebreek.

Dr Barbakow bly al 40 jaar in Switserland. Hy het navorsing gedoen in voorkomende tandheelkunde vir die Universiteit van Zurich en was later die hoof van die universiteit se wortelkanaal-departement.

Hy is in Mediclinic opgeneem, maar omdat hy 2 of 3 operasies gaan moet ondergaan vir die frakture aan sy bekking, asook 'n heupvervanging, verkies hy om in Zurich geopereer te word. 'n Spesiale straler uit Switserland, 'n *Bombardier Challenger*, het dr Barbakow en sy vrou op die Bram Fischer-lughawe in Bloemfontein kom optel.

Die straler behoort aan die Switserse lugreddingsgroep, Rega, en dr Barbakow en sy vrou ondersteun dié stigting al meer as 30 jaar. Rega is 'n privaat, nie-winsgewende stigting wat geldelik deur weldoeners ondersteun word. Rega reageer op noodoproepe binne Switserland, asook in die buiteland en dr



**Dr Fred Barbakow Foto: Verskaf**

Barbakow sal gratis terug vlieg.

Alhoewel dr Barbakow sy reünienaweek misgeloop het, het sy ou klasmaats darem vir hom kom kuier in Mediclinic. Johan Volsteedt, afgetrede skoolhoof van Grey Kollege, het hom ook besoek.

Nog 'n wending in hierdie verhaal het gekom toe Rolf Trichard (78), 'n afgetreede oogkundige van Bloemfontein, en boesemvriend van dr Barbakow, sy vriend gaan afsien het by die lughawe. Mnr Trichard wou graag sien hoe lyk die straler binne. Toe hy met die afrit afloop, het hy sy balans verloor en met sy kop hard op die grond geval. Hy is met dieselfde ambulans wat dr Barbakow lughawe toe geneem het, terug Bloemfontein toe.

Dr Barbakow het in 1959 gematrikuleer en as 'n tandarts gekwalifiseer aan die Universiteit van Witwatersrand in 1965.

Hy wou eintlik 'n loods word en het geleer vlieg maar in die 1970's was brandstof te duur en moes hy dit staak. Hy het teruggekeer na tandheelkunde en terselfdetyd aanhou studeer en navorsing doen.

Hy is toe 'n pos aangebied as 'n voltydse navorser in Zurich.

In die gedenkblad wat verskyn het tydens die 150 jaar feesvieringe, skryf dr Barbakow dat hy spyt is dat hy so lank gevat het om by die Grey Reünie aan te sluit, maar dat hy altyd Grey se naam hoog gehou het en sy vriende in Europa en Amerika van die skool vertel het.

Hy het sy fout daarna reggestel en woon sedertdien al die reünies by.

# 2019 se fees lig die Sand se dak

## Chameleon, Lamb sorg vir 'n vars en unieke konsep



Wilhelm Lichtenberg, Chris Chameleon en Tarryn Lamb op die verhoog tydens vanjaar se Musiekfees. Foto: Verskaf

BERNARD SCHEEPERS

Die jaarlikse Nedbank Grey Kollege Musiekfees het van 22 tot 24 Augustus in die Sand du Plessis-teater plaasgevind. Die tema vir 2019 was *Simunye* - we are one en die produk daarvan was 'n skouspelagtige geleentheid waaroor die gelukkiges wat dit gesien het, vir jare nog gaan gons.

Chris Chameleon, Tarryn Lamb en oud-Grey, Wilhelm Lichtenberg het vanjaar as gaskunstenaars by die musiekfeesspan aangesluit.

Tarryn Lamb is in 'n klas van haar eie. Nie net het haar menswees die Grey-gemeenskap se harte gesteel nie, maar sy sing ook nog soos 'n engel. Tydens haar en Chris Chameleon se weergawe van die *A Star Is Born*-treffersnit, *The Shallows*, het sy sonder twyfel selfs vir Lady Gaga onder die tafel in gesing. Lamb was net so in haar skik met hoe sy deur Grey ontvang is.

Chameleon is weer enig in sy soort. Met sy unieke sangstyl, sy interessante bewegings en gesigsuitdrukkings en die noot wat hy vir byna 'n minuut aanhou sing het, het hy almal se verwagtinge oortref.

Oud-Grey en nadese - legende - Wilhelm Lichtenberg, het weer vir die seniorlede in die gehoor gesorg met sy klassieke en betowerende sangstem. Lichtenberg, 'n kardiotorakchirurg wat sy studies aan die Universiteit van Kaapstad voltooi het, het trots aan die einde van die vertoning tydens die Grey In Union-item met sy Grey-skoolbaadjie saam met die massakoor verskyn.

Die Grey-seuns het nie teruggehou nie en dit is baie duidelik dat ons seuns se talente nie net op die sportvelde lê nie. Van marimba tot viool, tromme en kitare, nagtegaalstemme, gumboot-dansers en 'n uiters deeglik uitgewerkte en veelsydige program, alles het bygedra tot 'n musiekfees vir die boeke.

Die massakoor was weer 'n hoogtepunt is dit gee enige Grey-ondersteuner 'n knop in die keel om die skool só verenig op die verhoog te sien saamsing.

## KORTNUUS

### Kultuurouers samel geld in vir 2020-toer

MIKAEL VON ESCHWEGE

'n Ouerkomitee van die koor, onder leiding van mnr Adrie Hechter het 'n projek geloods om geld vir die koor in te samel. Die koor toer tydens Julie 2020 na België om aan die *World Choir Games* in Antwerp en Ghent deel te neem.

Kaartjies word verkoop teen R500 per kaartjie en daar word beoog om 4000 kaartjies te verkoop. Die einddoel is om 2 miljoen rand in te samel. Koorlede se toergeld van R35 000 sal dan gedeeltelik gesubsidieer word deur die geld wat ingesamel word. Daar is fantastiese pryse op die spel.

Die eerste prys is 'n 2020 *Ford Figo Ambiente Hatch*. Die tweede prys is 'n Venter-sleepwaentjie en die derde prys is 'n 55"-platskermtelevisie. Daar is nog baie ander pryse om te wen, en die Grey-gemeenskap word aangemoedig om kaartjies te koop. Grey het in 2018 aan die *World Choir Games* deelgeneem en 'n silwermedalje gewen. In 2020 beplan mnr Davel om aan die ope kompetisie deel te neem in 2 kategorieë, *"Youth Choirs of Equal Voices"* en *"Music of Spirit and Faith"*.

Die res van die geld sal in 'n kultuurfonds geplaas word wat dan sal gebruik word om die kultuurfasiliteite uit te brei. Daar is reeds planne opgetrek om die bestaande 'glaskas' uit te brei om 'n klein ouditorium, ekstra oefenlokale en ekstra kantore vir toekomstige personeel te skep. Daar bestaan 'n behoefte by Grey se kultuur vir ontwikkeling en uitbreiding.

Tans is daar 'n beperkte hoeveelheid kultuurpersoneel omdat daar nie genoeg lokale is nie. Daar is ook nie genoeg oefenlokale vir die verskillende groepe nie. Die beplande uitbreiding van die glaskas sal beslis tot die ontwikkeling van Grey se kultuur lei.

# Die M-Faktor, nee eerder die Wen-Faktor

CHRISTI MYBURGH

Grey Kollege se toneelgeselskap het vanjaar die maskers afgehaal met hul komediespel by die jaarlikse *ATKV Tienertoneel*. Stabilis het vroeër vanjaar die aap uit die mou gelaat dat die dramadepartement in 2019 vir die eerste keer in jare die drama vir komedie verruil.

Dié seuns het 'n varsgeskrewe stuk oor verhoudings tussen ma's en hul seuns op die planke gebring. In die toneel is vyf seuns deur 'n onderwyser aangesê om te help met voorbereidings vir die jaarlikse prysuitdeling. Elke akteur het om die beurt 'n skoolseun en sy eie fiktiewe ma vertolk.

Die karakters het almal iets in gemeen: hulle verhoudings met hul ma's! Die *pawpaw tref die fan* wanneer die ma's langs mekaar by die prysuitdeling beland. Hare is getrek en houe was uitgedeel. Die Wynand Mouton-teater was die Vrydagaand van die uitdunronde stampvol waarna hulle met 'n staande applous deurgedring het na die streeksfinaal.

Die *M-Faktor*-span behaal die tweede plek uit 24 skole, met Oranje Meisieskool wat as die wenners aangewys is.

Mevv Brenda Myburgh en Mia-Anne O'Kennedy het albei as regisseurs opgetree. Die spelers was: Joshua Lowe, Christi Myburgh, Tristen Bruyns, Eckard van Heerden, Wiesner Hechter en Viaan van Coller. Die tegniese span, wat self menigte pryse ontvang het, het bestaan uit Lean Fourie as verhoogbestuurder, Etienne du Toit op die ligte en JJ Kleynhans wat die klank beheer het.

Die toneelgroep het ook weer aan die Logan Toneelfees op Fraserburg deelgeneem en verower, saam met die *ATKV Tienertoneel*, 'n totaal van 6 goue, 13 silwer- en 16 bronstoekennings.



Mevv Myburg & O'Kennedy en die 2019-toneelgroep. Foto: Verskaf







## Viva AmaGreyGrey - Springbokke se eenheid is voorbeeld vir Grey

Ons Wêreldkampioen-Springbokspan is vir ons 'n inspirerende voorbeeld van eenheid in diversiteit. By Grey verstaan en waardeer ons dit, want hier is 'n skool waar seuns van verskillende tale, gelowe en kulture, jaar na jaar vooruit streef in die beste belang van iets groter as hulself, naamlik Grey Kollege. 2019 was 'n moeilike, maar 'n goeie jaar vir Grey. Wat uitsonderlik was, is hoe die seuns te midde van die baie geraas daarbuite, nie fokus verloor het nie, maar aanhou veg en groei het en sodoende die skool na verdere uitnemendheid gedra het - 'n wens wat die matrieks van 2019 aan die begin van die jaar by monde van ons skoolkaptein, Smallie, uitgespreek het en waarop hulle met tevredenheid kan terugkyk.

Die Wêreldbeker-eindstryd was 'n bonatuurlike vertoning deur die Springbokke en dit was duidelik dat 'n groter krag as individuele ego's en prestasie die dryfveer was. Uit elke mond, in elke onderhoud kort na die wedstryd was dit duidelik dat hulle dit vir mekaar en vir ons land se mense gedoen het. Net so is die matrieks van 2020 se visie om eenheid onder al die seuns in Grey te kweek en 'n gevoel van 'behoort' in elkeen wakker te maak. Dit begin by elkeen in die skool se inkoop in die plan asook elkeen se keuse of ons in ons persoonlike gedrag ons Springbokspan se voorbeeld waardig gaan wees.

In 1995 het die Sowetan geskryf "Viva Amabokoboko". Mag ons aan die einde van 2020 skryf "Viva AmaGreyGrey".

Stabilis neem met groot hartseer, maar ook met trots, afskeid van Mnr. Piet Wessels wat vir vele jare die hoeksteen van hierdie skoolkoerant was. Onder sy leiding het die koerant talle toekennings verower. Maar dit is nie hierdie prestasies wat ons gaan mis nie, maar die mens daaragter. Oakdale is bevoorreg om hom as nuwe skoolhoof te verwelkom, want hy verstaan die hart van 'n seun en word natuurlik en spontaan gerespekteer omdat hy eerlik leef.




## A feather in the cap for Grey soccer




*The editor*

A revolution has taken place at Grey soccer. Guts and glory has finally found its place at the Windmill fields of Grey. After 12 years, Grey won the Nedbank Grey Soccer tournament and were able to lift the trophy.

This is a significant achievement for the whole school. Soccer at Grey has been the sport for the underdog, but finally they can stand proudly next to any other first team at Grey.

Mr Ricardo Katza and his coaching staff has done much to develop soccer at Grey. They are not only coaches of the sport, but coaches for life. The boys learned not only football skills, but discipline, determination, loyalty and pride.

As a proud parent of a Grey soccer player, I would like to thank the school, the coaching staff and the director of soccer for the thankless hours they spend with our boys.

*- Proud Grey Parent*

# The "Vuma" in Vumazonke

## *Sisonke shares his dreams and his vision for 2020*



**Sisonke and Bernardt Bührmann enjoy Six Cokes at the Tuck Shop. Photo: Wicus van Deventer**

Sisonke Vumazonke is the new vice school captain for hostel for 2020.

He plays for the 1st rugby team and also represented South Africa in the u/18 SA Schools 'A' team in 2019. He shows great character on the field, which also reflects in his day to day actions, a true leader without a doubt.

*What are your goals for the next year?*

My main goal is to lead the school by setting an example as the leaders of 2019 did. To make Grey truly special for the next generation and to leave the school in a better place.

*What does the Springbok's Rugby World Cup triumph mean to you?*

It really means a lot because it gives me hope to represent my country in the next World Cup. As a kid I always wanted to become a Springbok and seeing this happen only makes me want to push harder to pursue my dream.

*Are there any specific changes that you would like to see at Grey next year?*

There are not a lot of things that I can change, but I want to leave the school in a better place than I found it. If we can work on and achieve greater unity among the English and Afrikaans learners, 2020 wil be a "Grey't" year.

*Who do you look up to and why?*

I look up to my father. He has always been there for me in my life. He taught me to never give up on what I want to achieve and that what other people think, does not matter... as long as I am happy.




### Favourites:

**Food:** Seafood
**TV show:** Ifalakhe
**Movie:** John Wick Chapter 3
**Teacher:** Ms Rothmann
**Subject:** History
**Restaurant:** Ocean Basket
**Quote:** "Never dream about success, work for it"

## REDAKSIE 2019

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur**
Bernard Bührmann
**Subredakteur: Nuus**
Benson Wu
**Subredakteur: Sport**
Daniel Edwards
**Subredakteur: Diepte**
Chad Jongbloed
**Subredakteur: Joernaal**
John Shaw
**Subredakteur: Kultuur**
Christi Myburgh
**Hooffotograaf**
Eduard Büchner

**NUUSREDAKSIE**
Olwethu Sifumba, Joshua Lowe, Reuben Müller, Albrecht Botha, Gideon Bresler, Pieter Marais, Wouter van Aswegen, Pieter-Schalk Grobbelaar, Francois Haasbroek

**SPORTREDAKSIE**
Toni Cata, Kaleb Lombard, Jurie Geldenhuys, WJ Marais, Renier Potgieter, Eddie Nieuwoudt

**DIEPTEREDAKSIE**
Joubert Potgieter, Christi Myburgh, Ignus v Deventer, Kamohelo Moeti

**KULTUURREDAKSIE**
Mikael van Eschwege, Christi Myburgh

**JOERNAALREDAKSIE**
Vryskut

**KUNSTENAAR**
Logan Landman

**FOTOGRAWE**
Eduard Büchner, Daniël Marais, Leabua Seromo, Emile Brönn, Wicus v Deventer, Matthew Fry

## Die rol van die gemiddelde leerder is nie onbelangrik nie

IGNUS VAN DEVENTER

Een van die beste eienskappe van Grey is dat daar vir een en elkeen 'n plek is. Die gesegde lui: dis lekker om 'n mens te wees, maar dan moet jy 'n lekker mens wees.

Integriteit gaan oor om die regte ding te doen, al is daar niemand wat vir jou kyk nie. Dit is een van die belangrikste aspekte van die skool se waardestelsel. Jou maniere is wat jou bo ander laat uitstaan en jou meer as net nog 'n skoolseun maak.

Dit is die leerders se verantwoordelikheid om die waardes tot die beste van hul vermoë te onderhou en niks aan te vang wat die skool se naam in die skande steek nie en elke dag 'n positiewe verskil probeer maak, want sonder hierdie waardes is Grey maar net nog 'n skool.

Die bogenoemde eienskappe is nie beperk tot of slegs van toepassing op die uitblinkers in die skool nie. Dis nie net die akademiese reuse se plig om alles te gee nie, of vir die sport- en sangsterre om aan te hou presteer danksy hul uitstaande talente nie.

Mev Louise Pretorius, wat onlangs haar afskeidstoespraak in die saal gelewer het, het verwys na die gemiddelde Grey-seun - die een wat die uitblinkers ondersteun en bo hou. Die een wat langs die velde staan en skree, wat ērens in die massakoor ook sy hart uit sing, die een wat nie vir die eerste rugbyspan speel nie, maar dalk sy beste vir die derde skaakspan gee.

Wie jy ook al is, en watter rol jy ook al in die skoolraamwerk vertolk, jou bydrae is net so belangrik soos dié van die kaptein van die eerstespan, jou aandeel net so groot soos die dux-leerder s'n.

# Sosiale media vra: Bly jy of gly jy?

## *#I'm Staying-veldtog laat Suid-Afrikaners keel skoonmaak*




**Die Springbokke se 2019-wêreldbeker oorwinning gee Suid-Afrikaners nuwe hoop vir 'n blinker toekoms.** **Foto: Verskaf**

JOHN SHAW

Emigrasie is 'n werklikheid. Landsburgers sien nie 'n lig aan die einde van die Suid-Afrikaanse tonnel nie en kies dan die hasepad na lande waar die weivelde amper te groen is om waar te wees.

Al hierdie dinge word op die *#I'mStaying Facebook*-blad bespreek. Hierdie blad bied Suid-Afrikaanse "*facebookers*" die geleentheid om hul mening oor emigrasie te lug, of dan eerder waarom mense kies om nie te emigreer nie.

Die blad is besaai met positiwiteit en mense deel openhartig watter aspekte van Suid-Afrika en sy mense vir hulle uitstaan.

Die blad het binne skaars twee maande 'n sosiale media sensasie geword. Gebruikers laai foto's van die land se asemrowende natuurtonele op, sowel as die prestasies van sportsterre asook die uniekheid en mooiheid van Suid-Afrika se diverse kultuur.

Dit is duidelik dat die kulturele waardes van Suid-Afrika net te sterk is om vergeet te word. Suid-Afrikaners se bande is baie sterker as die ekonomiese probleme wat in die gesig gestaar word en dit wil voorkom of mense selfs bereid is om verby die misdaad te kyk, om op die goeie en die positiewe te konsentreer.

Die emigrasiestatistiek van Suid-Afrikaanse verlaters het in die afgelope jaar met 27% gestyg en alhoewel die regering dit waarskynlik nie sal erken nie, is dit 'n wesenlike probleem. Suid-Afrika het 'n tekort aan geskoolde werkers en al manier hoe dit reggestel gaan word, is as almal saamstaan en soos die *Facebook*-blad aanbeveel, 'n houding van "ek sal bly" aanneem.

Die Minister van Internasionale Betrekkinge, Naledi Pandor, het reeds haar kommer oor emigrasie uitgespreek. Sy reken dat dit die land ekonomies en kultureel afbreek. Sy sê ook dat geen land kan groei as hy nie grond het wat hom ondersteun nie. Sy verwys na ons landsburgers as die grond wat die land moet laat groei.

Staan sterk, staan vas en staan saam. Bly tuis en maak Suid-Afrika die land wat almal wil hê dit moet wees.

# Great men honoured through awards

KAMOHELO MOETI

Who are the men whose names are written in gold on the walls of the Reunion Hall? They are leading men who were at the helm of Grey at the end of its first century and we honour them as our five highest awards at our annual prize-giving.

We have the JMB Faure Trophy, the Louis Esselen Trophy, the D Marquand Medal, the AK Volsteedt Medal and the Stuart Franklin Dux Medal. All awarded to matric learners based on their academic, sporting and cultural achievements.

These medals and trophies owe their inception to the initial presentation of these men and the Reunion. Such as the 20 pounds presented to the school by Mr Franklin on the 20th of November 1928, the interest of which the Dux Medal is awarded. Not much history behind it or the name and person, unlike some of the other medals and trophies.

Mr JMB Faure, principal of Grey from 1949 to 1960, the man who actually was at the helm of Grey at the end of its first century. The JMB Faure award is awarded to the matriculant with the best achievement in academics and culture. Under Mr Faure the parallel medium policy of Grey College was taken a step further by giving each official language of instruction equal status. Mr Faure realised his dream of quality education for all Grey boys and played a pivotal role



**Daniël Raath** **Photo: Supplied**

in the building on new terrains and better equipped library.

Mr AK Volsteedt called in a new era for Grey College. An era of new possibilities and challenges that he was ready to face. His return to Grey after leaving teaching for 15 years was well received by students, old Greys and staff alike. Mr Volsteedt believed in development of a person as a whole, developing their character and an emphasis on correct values, thus the AK Volsteedt Medal is rewarded to the matriculant with achievements in academic, sport and culture.

The Louis Esselen award for the best achievement in sport and academics was named after Mr Louis Esselen, who was the secretary of the United Party in 1940. Louis Esselen had attended Grey College up to the end of standard 8 (grade 10). He matriculated at SACS in Cape Town. How the cup came to be named after him, is unclear, but he must have been an exceptional man for it to be so.

"If the past is an inspiration, the future is a challenge," said Mr J. Stuart Franklin at the laying of the foundation stone at the Reunion Hall in 1928. We are inspired by these men that came before. They laid stones and the foundation for us to be here now. We don't know what the future holds for us or Grey College but we need to envision Grey as still steadfast in its traditions and ideals, ideals which every Grey boy should take to heart.

Daniel Raath was the recipient of the AK Volsteedt Medal for Academic, Sport and Cultural achievements.

## The debate remains: To Co-Ed or not

TSHWANELO RAMONGALO

To most people it may come across as a foreign statement that we are living in the 21st century and that there are still debates based on which school system is more adequate and beneficial when it comes to Co-Ed schools and single gender schools such as Grey.

If we take Co-Ed schools into account, it is evident that these systems can lead to distractions. One of the downsides of mixed schools where there are both boys and girls is that students might not be able to concentrate with their studies.

Furthermore single gender school settings are not fit for some boys and girls. Some students work well when around peers of the same gender. Critics argue that single gender education does not work at all times and careful consideration should be made before enrolling children in schools.

The issue of whether single gender classrooms are ideal for students will remain a divided and controversial topic. At the end of the day both systems have their flaws, the parents should talk to their kids when it comes to the type of education they believe suits their children.



# Oud-Grey Willem Reynders vertel ...

## *Herinneringe danksy 'n 30-jaar-oue storie bring heimwee*



**Die Reüniesaal se stampvol galery met die oud-Greys se besoek aan die skool tydens vanjaar se Reünienaweek.** **Foto: Verskaf**

**JOUBERT POTGIETER**

Het jy al ooit gewonder wat die skool na al die jare vir oud-leerders beteken? Stabilis het, in die lig van die onlangse skoolverjaardag- en reünienaweek, met oudleerder mnr Willem Reynders gesels om so bietjie op 'n dieper vlak te begryp wat dit vandag nog vir oud-Greys beteken om aan hierdie skool verbonde te wees.

"Om 'n Oud Grey te wees, laat my altyd dink aan die woord lojaliteit. Dit laat my dink aan 'n storie wat voormalige prinsipaal, mnr Johan Volsteedt, op 'n geleentheid vertel het," meen Reynders.

Daar was ongeveer 30 jaar gelede 'n Brill-huis-prefek met die naam Nic Schmidt. Nic het na skool sy studies voltooi en 'n predikant geword. Jare later is hy met breinkanker gediagnoseer.

Anton van Aswegen (ook 'n oud-Grey, matrikulant in 1990) het onderneem om die operasie verniet te doen, maar daar was om en by R90 000 se eksterne kostes verbonde, onder andere dié van die narkotiseur en natuurlik die hospitaalkostes.

Op een oggend is daar ongeveer R120 000 in Schmidt se bankrekening inbetaal, wat deur sy klasmaats ingesamel is. Die operasie is toe gedoen, maar die dokter het hom gewaarsku dat die kanker moontlik kan terugkeer.

Twee jaar later hervat die breinkanker ongelukkig, net soos die dokter vermoed het.

Nic Schmidt se laaste wens was dat daar 'n braai gehou moet word by die skool, sodat hy vir 'oulaas saam met al sy broers kon kuier. Die manne het beurte gemaak om langs hom te sit en net met hom gesels.

Twee van sy klasmaats wou uit Amerika, waar hul tans woonagtig is, vlieg om die braai by te woon, maar die dokter het sy twyfel uitgespreek dat hulle moontlik nie betyds sou wees nie.

Die spesifieke jaargroep het toe 'n verdere R300 000 vir Nic se vrou en kinders ingesamel.

"Lojaliteit - om lojaal teenoor jou naastes, jou broers te bly. Dit maak nie saak waar in die wêreld jy jouself bevind nie. Dit is wat dit vir my beteken om 'n oud-Grey te wees" - Willem Reynders.

# Gain respect through mutual understanding and compassion

**CHRISTI MYBURGH**

Tamara Ecclestone, television personality and British model, once said, "Respect earned through fear instead of deeds, was not truly respect." These words are powerful when it comes to leadership. To get the balance between respect and fear is one that only a true leader will be able to master. Gaining respect created through mutual understanding, compassion, a good example and consistency is the respect that will last an eternity.

Fear is something that is demanded, while respect is something that is earned. The prefects and school captains can demand the learners to follow their orders, but they cannot demand them to respect them. They can force them to do as they say, but no amount of fear can force someone to do more than what is required of him. Instilling fears in the learners you lead will not make them care for the school. Grey needs leaders who will encourage learners to do as much as possible for the school, for the love of the school.

As a leader, you need to be the one to set an example in the school. This is the best way to break the fear barrier among the learners. Respect works both ways; if you want to gain respect, you need to be respectful as well. To show you respect to the learners, you should treat them, as you would like to be treated. Do not belittle them. Give credit for their achievements, dedication and loyalty and the learners will respect the leaders.

By showing those you lead that you respect them, they will be committed, dedicated, hardworking and loyal. Not only to the leaders, but also to the school.

# Generation Z wants to pursue dreams

**MONARE KABI**

The rate of high school learners choosing not to attend university is rising. To understand their reasoning behind their decision we have to look into why that is.

With the time of the information age now being in full effect, the old teachings of the industrial age where a degree would guarantee job security has been left behind for a long time. There are millennials who are 30 years and older with honours and masters degrees but they remain unemployed. Members of Generation Z woke up to the realisation that wasting 4 years of your life slaving away for a piece of paper just to end up unemployed and in debt is just not worth it.

Stabilis spoke to Mr Willem Steenkamp, a computer support specialist in Bloemfontein. Steenkamp says he remembers the majority of his matric class scattering all over the country to different universities to begin their studies. He however enrolled in an online program that took him three months to complete, where after his certificate was sent to him by mail. He then started to work (for a small salary) as a software engineer at a local IT specialist store. Today he owns not only his own successful IT Company, but also a recommended guest house which his wife manages.



**Celebration during graduation.** **Photo: Supplied**

Because members of Generation Z (1997 to present) want to express themselves fully in the pursuit of their dreams, a perfect platform has been laid out for them, the information age. Thanks to the information age, there are now multiple ways to earn a steady income and even achieve financial freedom without a degree such as copywriting, freelance programming etc., thus making degrees overrated, unless your career of choice is in the science.

The information age has also opened up opportunities for new unconventional careers that require no form of tertiary education, such as being a YouTuber or a social media influencer. These careers are solely based on how well you are able to effectively communicate your message and get people hooked on to your content.

There are many reasons why degrees have become overrated, the main one being down to the fact that we are now living in the information age rather than the industrial age.



As the only approved BMW dealership in Bloemfontein, Kimberley and Bethlehem, no one is better equipped and more passionate than Sovereign to give you - and your BMW - the treatment you rightfully deserve. In our showroom, we have a wide selection of new and BMW Approved Used Cars and offer a full range of services including Original BMW Parts, state-of-the-art service bays and BMW Financial Services. Whatever you need, be it a test drive, an evaluation, a service or a change of tyres, we're a phone call or email away.

**Call us today on 051 400 0000.**

**Sovereign**
8 CP Hoogenhout Street, Langenhovenpark, Bloemfontein
Tel. 051 400 0000
www.bmw-sovereign.co.za

BMW Financial Services (South Africa) (Pty) Ltd is an Authorised Financial Services (FSP 4623) and Registered Credit Provider (NCRCP2341).

# 40 Days: Is dit nog die moeite werd?

## *Die begin van die einde vir elke matrikulant...*







Die dag is gevul met die eggo's van klappers, Grey-seuns in kortgeknipte skoolbroeke en natuurlik die reuk van sappige vleis op 'n braaivuur.

'n Dag wat vele onderwysers grys hare gee, terwyl matriekseuns dit al te gretig verwelkom. Die dag wat bekend staan as *40 days*. Of die dag nog 'n ware plek het en die manier waarop die dag deesdae gevier word, word egter deur talle belanghebbendes bevraagteken...

*40 days* is 'n tradisie wat vir baie jare in Suid-Afrikaanse skole bestaan. Selfs enkele van die Grey-personeel, wat al vir meer as 20 jaar skoolhou, bloos en glimlag as daar oor hul *40 days* uitgevra word. Vir sommige onnies bring *40 days* egter net 'n kopseer. Grey se propvol jaarprogram en dae soos hierdie wat tot verlore akademiese tyd lei, wek ongetwyfeld bekommernis.

Matrieks aan die anderkant tel al te nonchalant die dae af...

Die dag moet matrikulante herinner dat hul tyd as 'n skoolleerder amper verby is. Vir baie is dit die eerste ontmoeting met die groot besef dat hul paaie saam met hul vriende en klasmaats binnekort gaan skei. Dit lei outomaties tot die behoefte om laaste herinneringe saam met vriende te maak. Wat die leerders op die *40 days* (of 10 days in hierdie jaargroep se geval) as waardige dade om herinneringe te bou sien, is waar die kruks van *40 days* lê...

Die koshuisseuns verskyn op die oggend in iets wat skaars as kostuums kwalifiseer by die Hamilton-eetsaal tydens die jaarlikse *40 days catwalk*. Die "catwalk" verskaf genot vir die jonger groepe. Na die middag se braai, beweeg leerders elders om die dag verder te vier... Lede van die skoolgemeenskap voel dat die matrikulante die dag nie meer ten volle as 'n graad saam vier nie en dat die meerderheid dit deesdae net as 'n kuiergeleentheid in skooltyd sien.

Gelukkig vir die jareoue tradisie kan ons kyk na hoe vorige jaargroepe dit gevier het. Voormalige matrikulante het die dag as verskoning gebruik om poetse vir onderwysers te bak.

Die heel bekendste natuurlik is dié van 1993 se matrieks, toe hulle mnr. Flash Venter se motor tussen die Reüniesaal en die personeelkamer ingeskuif het. In 1996 het matrieks weer 'n verrassing vir mev Pretorius beplan deur haar motor onder die bome by die Tommix-velde weg te steek. Die leerders het uiteindelik ingegee toe sy die voertuig as vermis wou aanmeld.

'n Mens wonder dus of dit nie 'n mooier dag sou wees as matrieks op hierdie dag byvoorbeeld toegang tot die personeel se parkering sou "verkry" en vroegoggend reeds hul voertuie onder die onnies se afdakke stilhou nie? As die personeel by die skool opdaag, hou die matrieks reeds "vergadering" in die personeelkamer...

Daarna maak 'n matrikulant (wat vir die dag die prinsipaal is) die afkondigings. Neem 'n mens dit te ver om voor te stel dat die matrieks dan 'n saalperiode lei? Net 'n gedagte!

Op die ou end is *40 days* net 'n dag waarop die matrieks tyd saam met hul vriende deurbring. Hoe dit gebeur, is dalk 'n resultaat van die tyd waarin ons leef. Matrikulante moet net op die dag sorg dat hul dade nie die skool se beeld benadeel nie en sodoende verseker dat die tradisie voortleef.

RESENSIE

## 'n Vars nuwe ervaring by The Social Food Club

**CHRISTI MYBURGH**

Jy onthou hulle dalk as "Die Lekker Bekkers" van die eerste seisoen van Suid-Afrika se *My Kitchen Rules* op *MNet*. Hulle was die koddige Bloemfonteinse duo wat danksy hul komiese dinamika van die begin af kykers se harte gesteel het en toe sommer vir Bloemfontein behoorlik op die map geplaas het, toe hulle as wenners van die eerste Suid-Afrikaanse *MKR* gekroon is.

Hierdie egpaar het onlangs 'n stappie vorentoe geneem en 'n wonderlike nuwe kuier- en eetplek genaamd "*The Social food club*" op ons voorstoep geopen. Jamandi en Machiel Bekker het hande gevat met die bekende ontwerper en mede-eienaar van *"Mystic Boer"*, Petri Coertzen.

Hulle deure het op 5 Augustus geopen en jy kan eerstehands die Bekkers se heerlike disse kom uittoets. Die atmosfeer is warm en gesellig en die styl is rustiek en modern. Die ingang het my reeds opgewonde gehad en ek was nie teleurgesteld in wat daarna gevolg het nie.

Vir my is die hoogtepunt hulle pizza, wat in 'n *Weber* gaargemaak word. Hulle bedien ook meer gesofistikeerde disse soos hulle eie fynproe-wersgeregte. Indien jy iemand is wat van iets in 'n glas hou, wat jou maaltyd aanvul, is hierdie beslis ook die plek vir jou.

As hulle *Facebook*-blad enige aanduiding is, behoort niemand te twyfel dat hierdie reeds 'n Bloemfonteinse juweel is nie: "lekkerste pizza wat ons nóg geëet het; die beste plek in Bloemfontein."

RESENSIE

## Suid-Afrikaanse dramareeks verras

**MICHAEL BEUKES**

Na maande se advertensies en kort uittreksels het Deon Meyer se *Trackers* uiteindelik sy boek-tot-skerm metamorfose voltooi.

Die eerste episode het sosiale media aan die gons gehad. Dit blyk uit talle kykers, wat dit gewaag het om hul menigs op *Facebook* te plaas, se oogpunte dat die reeks sommer so op die afskopaand reeds 'n beduidende getal ondersteuners in Suid-Afrika gewerf het.

Hoewel baie kykers, wat gewoond is aan die ononderbroke Sondagaandflieks, vuur gespoeg het oor die advertensiebreuke, is dit duidelik dat die meeste van hulle wel beïndruk is met die konsep, spel en spanning. Die blik op hoe dinge in Suid-Afrika lyk en werk, veral in die kriminele wêreld, verdien ook wydverspreide lof op die web.

Vanuit 'n tegniese oogpunt is daar moontlik kritiek te lewer op die oorwegende donker tonele - selfs gebeure wat veronderstel is om helder oor dag af te speel, kom soms onnodig donker of selfs dowwerig voor. Laasgenoemde, tesame met die kamerawerk is dalk eie aan die tegnieke wat gewoonlik in soortgelyke Suid-Afrikaanse televisieproduksies te vinde is.

'n Verdere punt van kritiek is dat kykers baie mooi moet kophou, spesifiek vanaf die tweede episode, aangesien tonele baie rondspring, karakters hul kort-kort op ander plekke bevind en nuwe karaters elke nou en dan bekendgestel word. So, dis dalk 'n goeie idee om die episode eers te *pause* as die bure lus is om 'n Sondagaand-teetjie te kom drink, en dit te kyk wanneer hulle uiteindelik naggesê het, want jou aandag gaan hier benodig word!

*Trackers* het 'n ouderdomsbeperking van 16 en dit is dalk nodig om 'n nota te maak dat die taalgebruik baie ou ooms en tannies moontlik aan hul valstande sal laat verstik. Gewelddadige skop-, skiet- en dondertonele is volop en so nou en dan wasem die gebeure die televisieskerm toe...

Die akteurs kwyt hulle baie goed van hul taak en die storie word geloofwaardig aangebied danksy vernuftige werk deur die regisseur. *Trackers* verdien 'n 8 uit 10, aangesien dit met Amerikaanse reekse sal kan kompeteer.



**Die hoofspelers van Trackers op MNet.** **Foto: Verskaf**



## Inter Schools PAUL ROOS

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| First Team | won | 51-28 |
| Cherries | lost | 20-24 |
| Third team | won | 48-10 |
| Fourth team | won | 26-3 |
| Fifth team | won | 31-14 |
| Sixth team | won | 21-15 |
| Seventh team | won | 19-7 |
| Eighth team | lost | 19-26 |
| u/16 A | lost | 26-29 |
| u/16 B | won | 15-12 |
| u/16 C | won | 36-35 |
| u/16 D | won | 24-7 |
| u/16 E | won | 33-17 |
| u/15 A | won | 39-3 |
| u/15 B | won | 23-20 |
| u/15 C | won | 24-22 |
| u/15 D | won | 17-14 |
| u/15 E | lost | 14-46 |
| u/14 A | won | 23-17 |
| u/14 B | lost | 5-12 |
| u/14 C | won | 15-8 |
| u/14 D | won | 50-7 |
| u/14 E | lost | 21-24 |

**HOCKEY**

| | | |
|---|---|---|
| First team | lost | 0-4 |
| Second team | lost | 1-2 |
| Third team | lost | 1-5 |
| Fourth team | lost | 0-2 |
| Fifth team | lost | 0-4 |
| u/16 A | won | 2-0 |
| u/16 B | lost | 0-1 |
| u/16 C | won | 3-0 |
| u/16 D | lost | 2-3 |
| u/16 E | won | 1-0 |
| u/14 A | lost | 0-3 |
| u/14 B | lost | 1-2 |
| u/14 C | lost | 1-4 |

**TENNIS**

| | | |
|---|---|---|
| First Team | won | 5-4 |
| Second team | lost | 4-5 |

# Grey't Bash proves to be a smash

*Fourth instalment of popular competition develops cricket*



Michael Kershaw, member of the victorious Yellow Pages team, fields on the boundary. Photo: Supplied

BERNHARD BÜHRMANN

In the course of every year there are many cricket interschool matches, but few of these events involve as many players, or create as much excitement, as the annual Grey't Bash.

The 2019 Grey't Bash saw the fourth instalment of this popular competition. The corporate sponsors are awarded the opportunity to bid for their teams at an Auction Evening.

Mr McLaren says, "There are 13 players in a squad. The squad will consist of two clusters of four players each, where each corporate sponsor can bid for a junior cluster and a senior cluster. The remaining five players are selected from a group with so-called diamond and platinum players".

According to this categorisation, the best players in the school are thereby classified as diamond and platinum players. The senior and junior clusters will then include the rest of the players. The coaches are usually auctioned off first to provide guidance to their corporate owners to select teams.

Mr McLaren says, "The competition is a little unusual, because it is a 100 ball competition. The 100 balls is made up of 15 6-ball-overs and a 16th over of 10 deliveries".

This year's competition was eventually won by the Yellow Pages team.







# First team wins first ever Nedbank Cup

DANIEL EDWARDS

The 14th annual Nedbank Grey College Soccer Tournament delivered a result never seen in its history – a first victory for the first soccer team in this prestigious and competitive tournament.

The first team succeeded in their ultimate goal of winning this tournament through hard work and consistent performances. During the group stage the team won three games (against Brebner, George Campbell and St Andrews Grahamstown), while they drew against Pinelands and narrowly lost to KES.

In the quarter finals they eventually beat Parktown Boys' High on penalties, after the game ended with the score on 2 all. In a very good performance in the semi-finals they beat Jeppe 2-0. This led to a final against THS Louis Botha. This game also ended in a 1-1 draw, but the first team once again did the business by winning the penalty shoot-out 4-3. Lesedi Mokwena was selected as the goalkeeper of the tournament with consistent performances throughout the tournament.

There were 24 teams participating in the tournament. Mr Shaun Human, one of the organisers of the tournament, says, "This tournament is regarded as one of the top soccer events at school level and an invitation to the event is highly sought after." Mr Ludwig Koekemoer, head of Sport, says, "It is also important for us to invite local teams who have proved themselves to be well organised and with an emphasis on the development of local soccer. This is our commitment to give something back to the community."



**Nelson Balepile in action at the final. Photo: Supplied**

Mr Human says, "We are grateful for the involvement of our main sponsor, Nedbank. Without them we would not be able to host the tournament. We also have several secondary sponsors, including Umbro (who sponsors our kit and match balls) and Stadium Fast Foods, who are always accommodating when it comes to the price of refreshments."

The format of the competition is quite simple. There are four pools with six teams in every pool. Every team will therefore play five pool matches, a quarter final (Cup, Plate or Bowl), a semi-final and a final in the respective group.

Mr Human says, "The best players of the tournament were selected to represent a team that will tour Europe in 2020. They will play a couple of matches in either Spain or Italy."

# Atlete besoek Bredasdorp

*Elite-span van tien behaal puik vyfde plek*



Lucky Moleyane behaal 'n tyd van 10,6 sek. in die 100m vir seuns /17. Foto: Verskaf

DANIEL EDWARDS

Die room van die skool se atlete ('n span van 10 atlete) het saam met mnr Marnus van Wyk, hoof van atletiek, die lang pad aangepak om vroeg in die vierde kwartaal deel te neem aan die jaarlikse uitnodigings-byeenkoms in Bredasdorp, Wes Kaap.

Hierdie byeenkoms word reeds vir die afgelope twintig jaar aangebied en lok die beste atlete uit veral die Wes Kaap, maar ook van vele ander plekke. Mnr van Wyk sê: "Daar was selfs 'n span van Grootfontein in Namibië, maar die meeste spanne kom uit die Wes Kaap. Om die waarheid te sê, ons eie span uit Bloemfontein was waarskynlik die Suid-Afrikaanse deelnemer wat die verste moes reis."

Alhoewel die toer na Bredasdorp redelik ver is en dus duur uitwerk wat vervoerkoste betref, voel hy dat die blootstelling wat die seuns kry, dit die moeite werd maak. Hy sê: "Tydens die Grey/OMS-byeenkoms 'n week of wat vroeër kry die seuns die geleentheid om deel te neem teen die beste atlete uit Gauteng en Kwazulu-Natal. Die Bredasdorp-byeenkoms gee hulle weer die geleentheid om deel te neem teen die beste atlete uit die Wes Kaap". Daar word dus oor twee byeenkomste deelgeneem teen die beste atlete in Suid-Afrika.

Daar is slegs twee items wat nie by hierdie byeenkoms aangebied word nie, naamlik Paalspring en die Hindernis-wedloop. Uit 88 spanne wat aan die byeenkoms deelgeneem het behaal die Grey-span die puik prestasie deur in die vyfde plek te eindig.

## Nuwe sisteem maak toernooi nog meer interessant

FRANCOIS HAASBROEK

Die eerste tennisspan het aan die begin van die vierde kwartaal weer gasheer gespeel vir een die mees gesogte uitnodingstoernooie in die land, die Grey Kollege Tennistoernooi.

Mnr Naresh Mahabeer, hoof van tennis by die skool, sê: "Ons moet altyd poog om die vlak van kompetisie so hoog as moontlik te hou en ons moet verseker dat die spanne goed teen mekaar opweeg." Om dié rede is net die beste spanne genooi, wat insluit: Paul Roos Gimnasium, St Stithians, Paarl Boys' High, Clifton (Durban), Waterkloof, Afrikaans Hoër Seunskool en Pretoria Boys' High.

Vir die eerste keer is daar besluit om die toernooi aan te bied volgens die Amerikaanse Kollege-sisteem (American College system). Volgens hierdie puntestelsel tel die enkelspel-wedstryde steeds een punt elk (daar is ses in totaal), maar 'n span moet twee uit die drie dubbelspel-wedstryde wen om een punt te verdien. Daar word dus gespeel vir 'n totaal van sewe punte.

Mnr Mahabeer sê: "Die ander spanne was opgewonde oor die punte-sisteem, want dit maak die speelveld meer gelyk en die uitslag word in 'n mindere mate deur die dubbels-wedstryde geraak."

Die eerste tennisspan, onder die leiding van kaptein Louis Grobbelaar, eindig in die tweede plek, nadat hulle naelskraap in die finaal teen Paul Roos verloor het met die telling op 3-4. Muller Esterhuyse word aangewys as die beste nommer 4-speler van die toernooi,.

## RESULTS

### Interskole GREY PE

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 58-0 |
| Cherries | wen | 41-13 |
| Derdespan | wen | 54-10 |
| Vierdespan | wen | 66-5 |
| Vyfdespan | wen | 27-0 |
| Sesdespan | wen | 76-3 |
| Sewendespan | wen | 75-0 |
| o/16 A | wen | 43-8 |
| o/16 B | wen | 42-0 |
| o/16 C | wen | 17-0 |
| o/16 D | wen | 62-0 |
| o/15 A | wen | 33-12 |
| o/15 B | wen | 71-3 |
| o/15 C | wen | 53-7 |
| o/15 D | wen | 75-0 |
| o/14 A | wen | 62-0 |
| o/14 B | wen | 50-7 |
| o/14 C | wen | 71-0 |
| o/14 D | wen | 62-7 |
| o/14 E | wen | 55-7 |

**HOKKIE**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 0-4 |
| Tweedespan | wen | 2-0 |
| Derdespan | verloor | 0-5 |
| Vierdespan | gelykop | 1-1 |
| o/16 A | verloor | 0-3 |
| o/16 B | wen | 3-1 |
| o/16 C | gelykop | 2-2 |
| o/16 D | verloor | 0-3 |
| o/16 E | verloor | 0-2 |
| o/14 A | gelykop | 0-0 |
| o/14 B | gelykop | 2-2 |
| o/14 C | verloor | 0-5 |

**TENNIS**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 9-0 |
| Tweedespan | wen | 8-1 |
| o/15 A | wen | 9-0 |

# Water polo team achieves new heights

DANIEL EDWARDS

During the year first waterpolo team had some of their best results is many years. For many boys participating in waterpolo the appointment of Mr David Mackenzie as director of the sport came as a god-sent.

At the annual SACS Waterpolo Tournament the first team achieved victories over Paul Roos and St Andrews (Grahamstown) for the first time ever. Their level of performance against top schools such as Grey PE, Rondebosch and St Johns also augers well for the future.

The implementation of a specialist as not only director, but also as first team coach of waterpolo, has had an immense impact on the sport at Grey. Mr Mackenzie has given the boys opportunities (or created it for them) to play in new tournaments and beat teams that they had not beaten before.

He says, "We do not plan to slow down. It is our target to continue to develop the team, and hopefully bring Grey into the top 10 waterpolo schools of South Africa. We will have to work hard to achieve that, but our boys and our parents are extremely committed."



JP Seyffert is one of the hard-working players. Photo: Supplied

The achievements at the SACS tournament in Cape Town were not the only highlights of the year, though. There were also better performances (and higher placings) at all the other tournaments they participated in.

One of the goals for the team for next year is to win the Grey College waterpolo tournament, or to get as close as possible to winning the tournament for the first time.

Mr Mackenzie has also given the boys opportunities for the future. He gave the top players of all age groups the opportunity to play for the Eastern Gauteng team, which is already an amazing achievement in itself.

He has also given the boys the chance to play for the Otago University, in New Zealand, as well as the chance to go on a recruitment camp in the United States to hopefully get scouted to play waterpolo in America. Bursaries for waterpolo has become a possible reality for many boys, something that seemed out of reach a few years earlier.

With an emphasis on hard work in the off season and teamwork during the season, the results are clear: waterpolo is improving in leaps and bounds. The first team is looking forward to even better results 2020, with many new highlights in the offing.






HOT OFF THE PRESS

Results against Paul Roos proves Grey dominance

Rugby superiority underlined in Stellenbosch interschool derby

PAGE 10



CRICKET

Grey't Bash excites everyone involved

PAGE 10



ATLETIEK

Besoek aan Bredasdorp inspireer

BLADSY 11

Eerstespan handhaaf hoë spelpeil

TENNIS

BLADSY 11



# SPORT

The true voice of the College

adidas
OFFICIAL SPONSOR OF GREY RUGBY

www.gc.co.za | JAARGANG / VOLUME 53 NO 3 | Desember / December 2019

# Paul Roos is kersie op koek

## Eerstespan sluit jaar op die hoogste noot af



Marcell Muller het 'n sleutelrol gespeel in die eerstespan se oorwinning van 51-28, Foto: Verskaf

JURIE GELDENHUYS

Die eerste rugbyspan het die seisoen weer onoorwonne afgesluit. Hulle is vir die tweede jaar agtereenvolgens ook die beste skolespan in Suid-Afrika.

Een van die hoogtepunte van die jaar was dan ook die uitstekende oorwinning van 51-28 oor Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch.

Volgens mnr Wessel du Plessis, hoofafrigter van die eerstespan, kan die grondslag vir die jaar se sukses vroeër in die jaar gesoek word. Hy sê: "Die wedstryd wat eintlik momentum aan ons jaar gegee het was die een teen Paarl Gimnasium by Wildeklawer. Wat hierdie oorwinning uniek maak is die feit dat ons dit gewen het met 28,5% balbesit – iets wat min spanne ons sal kan nadoen."

Oor die Paul Roos-wedstryd sê hy: "Dit was definitief die kersie op die koek. Toe dieselfde groep /14 en /15 was, het hulle teen Paul Roos verloor. Hulle het wel /16 gewen, maar dit was in Bloemfontein. Die groot uitdaging was om in Stellenbosch te wen".

Min mense sal sekere van die hoogtepunte van hierdie wedstryd gou vergeet, veral omdat dit ook 'n televisie-wedstryd was. Mnr du Plessis sê: "Die draaipunt in die wedstryd was net voor halftyd, met Franco Knoetze se ongelooflike drie uit omgekeerde besit. Die manne kon die tempo van die wedstryd daarna steeds hoog hou en Paul Roos het nie maklik daarby aangepas nie".

Aanvanklik het die eerstespan daarop gefokus om Paul Roos te klop op die buitekant, maar later in die wedstryd ook deur die middelveld.

Mnr du Plessis voel dat die spelers van die wedstryd waarskynlik Marcell Muller (agter), sowel as Danwich Beukes en Tielman Nieuwoudt (beide voorspelers) was.

canterbury

PROUD SPONSOR OF GREY COLLEGE RUGBY





Uitleg & drukwerk van Stabilis: Vivid Dzines 082 576 3143